

### Afrikaans

Lees	Self *Dis die belangrikste van alles!
Klanke	Bl. 11 Ma skryf tot fiets Di fout tot fraai Wo vries tot vlag Do venster tot vrugte
Sigwoorde	Bl. 2 Hersiening week 1 en 2
Taal	Hersien Werkwoorde (agter in klankeboek)
Skrif	Onthou asb. om te oefen.

### Engels

Read	Pg. 72 (grow) Wed and Thu rest of the page
Sounds	Pg. 10 ch sh (3x) For the week
Sight words	Pg. 3 (171-180) write (1x)

### Wiskunde

Tel	Sien woordprobleme
Hoofrekene	Oefen elke dag hoofrekene en tafels asb.

### Departementele boeke - Werk vir die week.

Afrikaans	Bl. 124-127
Engels	Bl. 72-75
Wiskunde	Bl. Hersiening 122-125
LV	Bl. 56-59 Ken die 3 woorde op bl 57

## Woordsomme – week 9

Daar staan 22 driebeen potte. Hoeveel pote is dit saam?

Daar is 16 banke in die klas. Hoeveel pote het hulle saam?

Ek tel 45 wiele in die winkel. Hoeveel driewielfietse staan daar?


Daar 24 stoele in die klas. Hoeveel pote is dit altesaam?

Skryf die getalnaam.

$1T + 9E$	
$2T + 7E$	
$1H + 1T + 7E$	
$1H + 3T + 4E$	
$2H + 2T + 3E$	
$3H + 5T + 6E$	
$3H + 0T + 2E$	
$4H + 8T + 9E$	

## Afronding

Rond die getalle af tot die naaste 10.



86 → .....

84 → .....

82 → .....

83 → .....

88 → .....

85 → .....

## Ewe - en onewe getalle

Sorteer 'n reeks getalle volgens kenmerke:

18; 27; 55; 40; 62; 91; 83; 82; 76; 65

ewe getalle





onewe getalle

## Eienskappe van ewe getalle:





- ✓ Kan gelykop verdeel word in 2 sonder 'n res.
- ✓ Die ene eindig altyd op 0; 2; 4; 6; 8.





Konsep: Tyd

Teken die wysers in

			
07:00	09:30	11:00	10:30

Skryf die volgende horlosies se digitale tyd

			
vm: _____	vm: _____	vm: _____	vm: _____

			
vm: _____	vm: _____	vm: _____	vm: _____

Getalkombinaties tot 30.

6		7		8		9		10	
3		3		4		2		6	
4		6		3		3		2	
1		2		6		4		3	

11		12		13		14		15	
6		5		4		7		9	
4		8		6		8		8	
8		3		2		5		6	

16		17		18		19		20	
12		6		9		14		13	
8		7		13		8		16	
9		9		7		7		9	

21		22		23		24		25	
4		20		11		4		6	
10		15		17		14		12	
8		8		19		24		13	

26		27		28		29		30	
6		17		19		9		15	
2		9		16		13		20	
14		13		8		15		10	

Die diere kry kos

Pa gaan nou na die diere kyk. Daar is varke, beeste, perde en skape. Jan se pa ry graag op sy perd. Die perd kan vinnig hardloop. Pa ry wanneer hy na die skape gaan kyk.

Die skape wei in die veld. Hulle vreet die lekker groen gras. Hulle het baie wol. Pa wil hulle nog skeer.

Wanneer hy weer by die huis kom, gaan hy na die varke kyk. Hy gee vir hulle kos. Die varke snork soos hulle vreet. Daar kom Jan aan.

“Hoor hoe snork die varke, Pa,” sê hy. “Ja,” sê Pa, “hulle is maar net varke!”

**Begripstoetsvrae: Omkring die regte antwoord**

**Na watter diere gaan Pa nie nou kyk nie?**

1. skape
2. beeste
3. varke
4. leeus

**Van watter diere word daar in die storie gepraat?**

1. skape, varke
2. volstruise, koeie
3. katte, honde
4. wol, vleis

**Waarom ry Jan se pa so graag op die perd?**

1. die perd is mooi
2. die perd kan vinnig hardloop
3. die perd is groot
4. die perd hou van varke

**Waar is die skape?**

1. in die kraal
2. in die huis
3. in die veld
4. by die dam

**Wat wil Jan se pa met die skape doen?**

1. hulle skiet
2. hulle weggee
3. hulle skeer
4. hulle gaan haal om te verkoop

**Waarom wil Jan se pa die skape skeer?**

1. hulle kry koud
2. hulle is lekker vet
3. hulle het baie wol
4. hulle woon in die kraal

**Wat maak ons met skaapwol?**

1. verwerk dit om klere te maak
2. eet dit
3. plant dit
4. maak dit gaar

**Na watter diere gaan Jan se pa as hy by die huis kom?**

1. na die katte
2. na die varke
3. na die voëls
4. na die apies

**Terwyl die varke eet, .....**

1. praat hulle
2. snork hulle
3. skop hulle
4. stoot hulle

**Jan se pa is seker „n..... omdat hy op die plaas woon.**

1. boer
2. dokter
3. oupa
4. onderwyser



**1. Skryf die sin oor en begin met "Môre"**

Pa gaan nou na die diere kyk.

Môre\_\_\_\_\_

**2. Skryf die volgende sin oor met die nodige hoofletters en leestekens.**

daar is baie diere op die plaas soos perde donkies skape en koeie

\_\_\_\_\_

**3. Skryf die meervoude van die volgende woorde.**

skaap \_\_\_\_\_ bees \_\_\_\_\_

hond \_\_\_\_\_ perd \_\_\_\_\_

**4. Skryf die sin oor en begin met "Vandag"**

Verlede Saterdag het Pappa die skape geskeer.

Vandag\_\_\_\_\_

**5. Omkring die werkwoorde in die sinne.**

a. Die skape wei in die veld.

b. Hoor hoe snork die varke.

c. Hulle vreet die lekker groen gras.

**6. Skryf die sin as „n vraag. Begin jou sin met "Het".**

Die skape het baie wol.

Het\_\_\_\_\_

**7. Voltooi die sin.**

Die diere wei\_\_\_\_\_ die veld

Jan ry \_\_\_\_\_ sy perd.

**8. As pa nie vinnig is nie, dan is hy\_\_\_\_\_**